WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

2 JANUARIE 2023 - MATTHEUS 2

Wat was die reaksies op Sy geboorte?

Die skepping het gereageer deur 'n wonderbaarlike ster in die hemel te plaas om die wêreld te vertel dat 'n Koning gebore is (Num. 24:17).

Die heidene het gereageer deur Hom te aanbid en vir Hom geskenke te bring. Matteus wys vroeg in sy boek dat Jesus gekom het om heidene sowel as Jode te red. Die wyse manne was astroloog-wetenskaplikes wat die hemele bestudeer het. Die ster het hulle na die Skrif gelei, en die Skrif het hulle na die Verlosser gelei. (Sien Ps. 19.) God praat met ons op maniere wat ons kan verstaan.

Herodes het met vrees en bedrog gereageer. Hy wou hê dat geen nuwe koning sy heerskappy sou bedreig nie.

Die owerpriesters en skrifgeleerdes het die regte inligting gegee, maar die verkeerde reaksie. Hulle was net vyf myl van die Messias af, maar tog het hulle geweier om Hom te gaan sien! Wat help dit om Bybelprofesieë te verstaan as dit nie 'n verskil in jou lewe maak nie?